Augustus

Net om u wil te doen ... Gehoorsaamheid

Ons God en Vader, deur u Vaderlike liefde nooi U ons vandag om die tekens van u versoening met ons te ontvang. Ook u Seun, Jesus, wat vir ons gesterf het, nooi almal wat moeg en oorlaai is. Ons weet daarom U sal beslis nie u dienaars wat om genade smeek en verlossing soek in die lewe en dood van Jesus Christus, wegwys nie.

Daarom reik ek vandag uit na U: vul my opnuut met u Heilige Gees. Gee dat ek na hierdie tafel sal kom met nederige ootmoed en met 'n begeerte om genade te ontvang.

Gee dat wanneer ek vandag hierdie sigbare tekens ontvang, ek deur die geloof die gebroke liggaam van Jesus Christus, en sy bloed, wat ons voed vir die ewige lewe, sal ontvang.

(Calvyn)